

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA OLIESADE | DATUM 2017/05/22 | | DATUM 2017/05/19 | | + - WEEK GELEDE 2017/05/15 | | + - MAAND GELEDE 2017/04/24 | | + - JAAR GELEDE 2016/05/23 | | |
|---|---------------------|----------------|---------------------|------------|---|----------|--------------------------------|----------|-------------------------------|---------|--|
| | Data | | Δ | Δ% | Data | | Δ% | Data | Δ% | Data | |
| | Δ | Δ% | Δ | Δ% | Δ | Δ% | Δ | Δ% | Δ | Δ% | |
| Brent (\$/b) | 54.04 | 1.57 ↑ | 3.0% | 52.47 | 4.1% | 51.91 ↓ | 2.5% | 55.41 ↑ | 2.2% | 48.15 | |
| US\$: ? ZAR | 13.21 | -0.070 ↓ | 0.5% | 13.28 | 0.2% | 13.18 ↓ | 4.4% | 13.82 ↓ | 6.1% | 15.74 | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1,934.59 | 16 ↓ | 0.8% | R 1,918.70 | *CBOT Mei sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Mei +12:00 die vorige dag | | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2,111.42 | 18 ↓ | 0.9% | R 2,093.33 | *CBOT Mei sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Mei +12:00 die vorige dag | | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4,625.71 | -10 ↓ | 0.2% | R 4,635.59 | *CBOT Mei sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Mei +12:00 die vorige dag | | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | | |
| Corn May '17 | 372.00 | 5.00 ↑ | 1.4% | 367.00 | 3% | 361.00 ↑ | 4% | 359.00 ↓ | -10% | 413.25 | |
| Wheat May '17 | 435.00 | 6.00 ↑ | 1.4% | 429.00 | 2% | 427.00 ↑ | 3% | 424.00 ↓ | -16% | 517.50 | |
| Soybean May '17 | 953.00 | 3.00 ↑ | 0.3% | 950.00 | -1% | 963.00 ↑ | 1% | 942.00 ↓ | -6% | 1011.50 | |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)) | | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul '17 | 3020 | 55 ↑ | 1.9% | 2965 | 1.9% | 2965 ↑ | 0.0% | 3020 ↓ | -19% | 3720 | |
| WMAZ SPOT | 1791 | -82 ↓ | 4.4% | 1873 | 7.8% | 1943 ↓ | 4.1% | 2086 ↓ | 3.2% | 4862 | |
| YMAZ SPOT | 1891 | -82 ↓ | 4.2% | 1973 | 6.3% | 2019 ↓ | 2.5% | 2160 ↓ | 6.6% | 3543 | |
| SOY 50 SPOT | 4682 | -185 ↓ | 3.8% | 4867 | 2.2% | 4789 ↓ | 5.2% | 4940 ↓ | 5.5% | 7257 | |
| SUN SPOT | 4685 | 78 ↑ | 1.7% | 4607 | 2% | 4582 ↑ | 4% | 4494 ↓ | -29% | 6560 | |
| WHEAT SPOT | 4450 | 28 ↑ | 0.6% | 4422 | 1% | 4390 ↑ | 2% | 4380 ↓ | -12% | 5055 | |
| OLIESADE | 2017/05/19 | Bron: Oilworld | | | 2017/05/05 | Feb 2016 | Maart 2015 | | | | |
| Soya-oil, Arg. | 735 | 0% | 732 ↓ | -4% | 769 ↑ | 9% | 676 | | | | |
| Soya-pell, Arg. | 314 | -4% | 328 ↓ | -7% | 339 ↓ | -15% | 368 | | | | |
| Soybean, Brazil | 391 | -1% | 395 ↓ | -5% | 410 ↓ | -5% | 410 | | | | |
| USA Runner 40/50 | 1650 | 0% | 1650 ↑ | 3% | 1600 ↑ | 27% | 1300 | | | | |
| Sun-oil, Arg. | 725 | 1% | 720 ↓ | -4% | 755 ↓ | -9% | 800 | | | | |
| Sun-oil, Black Sea | 748 | 2% | 736 ↓ | 0% | 750 ↓ | 0% | 750 | | | | |
| Sunseed, Black Sea | 380 | 1% | 375 ↓ | -5% | 400 ↓ | -7% | 409 | | | | |
| Rapeseed, EU cif | 435 | 1% | 430 ↑ | 2% | 425 ↑ | 9% | 399 | | | | |
| Palmk oil Mal, EU | 1170 | 14% | 1030 ↓ | -20% | 1470 ↑ | 13% | 1037 | | | | |

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Markrooisig: Vanoggend het die rand ná 'n wisselvallige week herstel teenoor die dollar nadat die dollar Donderdag byna 3% verswak het na politieke onrus in die VSA. Ontluikende mark geldeenhede het verlede week verswak na verslae dat die Amerikaanse president, Donald Trump, met federale ondersoek probeer innem het. Vanoggend verhandel die rand 0,8% sterker as Vrydag-middag se vlakke. Tans verhandel die rand teen sowat R13.21 teenoor die dollar. Brent-ruoliepryse het winste uitgebrei, wat ondersteun is deur verslae dat 'n OPEC-geleide vooraadverlaging na volgende jaar verleng kan word en dat die mark aangespoor kan word om die olievoorraad te beperk. Tans verhandel Brent-ruolie teen ongeveer \$ 54,04 per vat.

Sojabone: Genoegsame globale sojaboon voorrade hou die internasionale sojaboonpryse onder druk en beperk die moontlike ondersteuning in internasionale mark. Die internasionale sojaboonpryse kan moontlik nog verder onder druk kom indien die Amerikaanse produsente al die sojabone geplant kry volgens die intensies en die weersomstandighede is normaal deur die seisoen. Groot wêreld produksies word steeds gesien en ten spyte van die sterk Sjiniese invoer vraag en die verwagting van groter wêreld invoere vir die seisoen behoort daar steeds groot oordrag voorraad aan die einde van die 2016/17 seisoen te wees. Die groot verwagte Amerikaanse sojaboon produksie sal ook bydra tot die groot wêreld voorrade en alhoewel daar tans onsekerhede in sekere areas is as gevolg van ongunstige weersomstandighede is dit nog heeltemal te vroeg in die seisoen om moontlike verliese as gevolg van die weer vas te stel en te bepaal. Die globale sojaboon verbruik het ook grootliks gegroei die afgelope paar jaar en word verwag om 'n nuwe hoogtepunt van 328.2 miljoen ton te bereik vir die 2016/17 seisoen, wat aansienlike groei is vanaf die 264.4 miljoen ton se verbruik in die 2012/13 seisoen. Hierdie toon 'n jaarlikse gemiddelde groei in sojaboon verbruik van 16.7 miljoen ton. Die produksie het egter teen 'n nimmer tempo as die verbruik toegeneem oor die afgelope paar jaar en dus word daar steeds surplusvlakke sojabone internasionaal geproduseer. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gemeng verhandel verlede week, maar het die week op die ou end effens laer afgesluit as waarteen die mark Maandag geopen het. Die plaaslike sojabone is alreeds meestal klaar gestroop en goeie opbrengste word gerapporteer in meeste van die gebiede waar sojabone geplant was. Die plaaslike prys het die afgelope ruk 'n redelike sywaartse beweging getoon en verhandel steeds laer as die afgeleide prys en die persmarge is steeds goed positief.

Sonneblom saad: Die jaar was 'n totaal ongekende jaar vir sonneblom saad markte wat insluit die produksie van sonneblom saad asook vir die produkte soos olie en meel. Die globale sonneblom saad produksie het nuwe rekordvlakke bereik en het 'n bearish scenario geskep in die internasionale sonneblom saad markte. Die beermark is alreeds egter grootliks iets van die verlede in die internasionale markte met die rekord verwerkings en uitvoere van sonneblom saad en produkte in die eerste helfte van die 2016/17 seisoen. Die gemiddelde wêreld persings van sonneblom saad het toegeneem in Oktober tot Maart van die 2016/17 seisoen met ongeveer 13% ton en met 24.1 miljoen ton. Die gemiddelde persings in die CIS lande het oor hierdie tydperk met ongeveer 18% toegeneem vanaf die vorige seisoen. In die EU was die sonneblom saad persings stadiger as verlede jaar se tempo vir die eerste helfte van die seisoen, maar het ondersteuning gevind vanaf Desember 2016. In Argentinië het die persings van sonneblom saad relatief stagnerend gebly en was daar nie 'n duidelike tendens in 'n op of afwaartse rigting nie. Die globale sonneblom saad voorraad hou aan om te daal tans met die groot verwerkings daarvan en dit dui daarop dat die verwerkings ook behoort af te neem in die laaste paar maande van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom saad pryse het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik in die week onder druk gekom en laer verhandel. Die mark het egter weer ondersteuning gevind en het sterker verhandel om net effens laer as te sluit as die vlakke waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike prys verhandel steeds net onder die uitvoerpariteitsprys, maar baie nader aan hom as die afgelope tyd.

Kanola: Die pryse van kanola en raapsaad was hoog in die 2016/17 seisoen in vergelyking met die sojaboon en sonneblom saad pryse as gevolg van die beperkte voorrade wat 'n premie vir kanola en raapsaad na vore gebring het. Ongekende groot invoer vraag deur Europese en Sjiniese verwerkers het die wêreld handel in kanola en raapsaad ook tot nuwe hoogtes gedryf gedurende die seisoen. Die kanola uitvoere vanaf Kanada en Australië was ook ongewoon hoog ton en met April 2017. Die wêreld voorrade van kanola en raapsaad het tot 'n 5 jaar laagtepunt gedaal hierdie seisoen. Die Kanadese kanola voorrade was aansienlik laer as met die voorraadvlakke as verlede jaar aan die begin van Mei maand noodsaak dalings in jaar op jaar verwerkings asook uitvoere in Mei tot Julie 2017. **Plaaslik:** Amper die meeste van die kanola vir die seisoen is alreeds aangeplant in die Weskaap. Die weersomstandighede in die Weskaap sal doggehou word met die dat dit nog redelik droog is daar.

Grondbone: Die wêreld produksie van gedopte grondbone word verwag om rekord vlakke van 30.3 miljoen ton te bereik in die 2016/17 seisoen wat ongeveer 2.3 miljoen ton of 8% meer is as verlede seisoen. Groter produksies van grondbone word verwag in Indië asook in Sjina. Die produksie verwagtinge in Argentinië is effens laer aangepas vanaf 'n vorige skatting en word nou op 950 000 ton geskat vir die seisoen wat steeds rekordvlakke is en ook heelwat meer as verlede seisoen se 810 000 ton. Groot gedeeltes van Argentinië se grondbone produserende streke het oormaat reën ontvang wat gelei het na vloede en die stroop proses daar vertraag het. Dit behoort verliese in die produksie te veroorsaak in Argentinië. Die stadige stroop tempo behoort ook vertraging in die verwerkingstempo en uitvoere van olie en meel te veroorsaak. **Plaaslik:** Die plaaslike grondbone stroop proses is al grootliks voltooi in meeste van die gebiede van die land waar dit geplant was. Goeie opbrengste word gerapporteer in meeste van die gebiede.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za